higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 2

(5050022)

1 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Begrip is die laaste vlak (vlak 6) van Bloom se taksonomie.

1.1.2 Die akroniem HET staan vir High Educated Training.

1.1.3 Opleiding hou gewoonlik verband met voorbereiding van mense om in die werkplek te funksioneer.

1.1.4 Dit is nie vir onderwysers belangrik om te reflekteer nie.

1.1.5 Die Kinderwet van 2005 is een van die wette wat met maatskaplike ontwikkeling te doen het.

1.1.6 Suid-Afrika het vyf amptelike tale.

1.1.7 Die 1994 verkiesing is ’n goeie voorbeeld van die beleid van insluiting (‘inclusion’) in Suid-Afrika.

1.1.8 Kinders wat daarvan hou om blokkiesraaisels in te vul, het ruimtelike intelligensie.

1.1.9 Kinders wat goed is met dans en sport is liggaamlik-kinesteties intelligent.

1.1.10 Kinders wat daarvan hou om in groepe te studeer en graag met ander interaksie het, het intrapersoonlike intelligensie.

1.1.11 Eerlikheid, opregtheid, vertroue en moed is voorbeelde van goeie waardes.

1.1.12 MIV staan vir menslike immuniteitsgebreksvirus.

1.1.13 ’n Introvert is ’n vriendelike, uitbundige persoon.

1.1.14 Om baie te oefen, is goed vir die brein.

1.1.15 Asosiale gedrag beteken om gewelddadig teenoor ander mense te wees of hulle skade te berokken.

(15 × 1) (15)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die woord(e) in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

selfbeeld; genetika; outosoom; welstand; opleiding; vorige; bevrugting; hoofstroom; landbou; bronnelys; vermoë; refleksie; affektiewe; analise; fisiologiese; diversiteit; rubriek; toekomstige; kern

1.2.1 Die refleksiesiklus sal ’n opvoeder help om te beplan vir ... ervarings.

1.2.2 Mense bestaan uit selle wat elk ’n membraan het en ’n .... bevat.

1.2.3 ’n … moet in ’n werkstuk ingesluit word om erkenning te gee aan iemand anders se werk.

1.2.4 … is die proses om vir iemand die vaardighede te leer om iets te doen.

1.2.5 … sluit die meeste mense in die gemeenskap in asook leerders sonder spesiale behoeftes.

1.2.6 In …-gemeenskappe kweek mense kos en hou diere aan.

1.2.7 ’n Chromosoom wat nie geslag bepaal nie, is ’n … .

1.2.8 ’n … is ’n nuttige refleksiemiddel (‘reflection tool’).

1.2.9 As jy ’n goeie … het, beteken dit jy voel goed oor jouself en jou vermoëns.

1.2.10 Ons basiese liggaamlike behoeftes word ook as ons … behoeftes beskou.

1.2.11 Die studie van … toon hoe lewende organismes baie eienskappe van hul voorouers erf.

1.2.12 … is die begin van lewe in die baarmoeder.

1.2.13 ’n Fetus kan deur sy ma se buie beïnvloed word en dit sal sy … groei beïnvloed.

1.2.14 … sluit verskillende kulture, rasse en gelowe in.

1.2.15 … is ’n gevoel van heelheid en tevredenheid (‘wholeness and completeness’).

(15 × 1) (15)
[30]

VRAAG 2

2.1 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Alle gesonde tieners gaan deur ...; dit is wanneer hul liggame seksueel begin volwasse raak.

2.1.2 Morele en maatskaplike kwessies is deel van 'n onderwyser se … refleksie.

2.1.3 'n Ander woord vir 'n doelstelling is 'n …

2.1.4 Die kognitiewe domein het te doen met 'n mens se … ontwikkeling.

2.1.5 Volgens Bloom is die ondersoek na die beskadiging van 'n ekostelsel deur die mens 'n voorbeeld van …

2.1.6 Die tweede vlak van Maslow se behoeftehiërargie staan bekend as die behoefte aan …

2.1.7 Die teorie oor meervoudige intelligensies is deur … ontwikkel.

2.1.8 Bloom se domeine word geïdentifiseer as die affektiewe, kognitiewe en …

2.1.9 Die soort refleksie wat selfevaluerende denke vereis en wat onderwysers na elke les doen, word … refleksie genoem.

2.1.10 … onderrig vind gewoonlik in 'n klaskamer onder leiding van 'n onderwyser plaas.

(10 × 1) (10)

2.2 Noem die AGT stadiums van ontwikkeling van bevrugting tot dood. (8)

2.3 Die teorie oor meervoudige intelligensies beklemtoon dat ons nie een onderliggende intelligensie het nie, maar eerder agt hoofareas van intelligensie.

2.3.1 Bespreek die invloed van hierdie teorie op die onderrig- en leersituasie. (2 × 2) (4)

2.3.2 Noem die TWEE soorte intelligensies wat tradisioneel getoets is om iemand se intelligensie te bepaal. (2)

2.4 Verduidelik die volgende terme:

2.4.1 Sosiaal

2.4.2 Perseptuele vermoëns

2.4.3 Kurrikulum van die huis ('Curriculum of the home')

(3 × 2) (6)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die TWEE scenarios hier onder en beantwoord die vrae.

Scenario 1

Kelly is 'n pas gekwalifiseerde onderwyser by Laerskool Bloemhof. Sy is baie intelligent en gee vir die graad 7-leerders Wiskunde en Wetenskap. Kelly is baie jonk en gesels graag op haar selfoon terwyl haar leerders besig is. Hierdie skool se onderwysers word dikwels deur die skoolhoof geassesseer en gemonitor. Hulle lesse word waargeneem en hulle kry terugvoer oor hoe hulle hul klaskamerpraktyke kan verbeter. Kelly is baie negatief teenoor klasbesoeke; sy voel sy is intelligent en talentvol en sy hoef nie haar lesse te verbeter nie.

Scenario 2

Sinethemba is ook 'n pas gekwalifiseerde onderwyser by Laerskool Bloemhof. Hy is 'n baie hardwerkende, sterk gemotiveerde en gedrewe persoon. Sy vakke is Engels en Wiskunde. Hy is betrokke by die skool se sport. Nadat hy geassesseer is en terugvoer van die skoolhoof ontvang het, maak Sinethemba aantekeninge oor hoe hy sy lesse kan verbeter. Hy evalueer homself en besluit sy leerders kan net daarby baat as sy onderrig verbeter. Met selfevaluering fokus hy op sy eie sterk- en swakpunte en dié van sy leerders en maak seker dat hy aan die einde van die jaar 'n goeie slaagsyfer behaal.

3.1 Refleksie is 'n belangrike deel van onderrig en help onderwysers om voortdurend oor hul eie onderwyspraktyke na te dink.

3.1.1 Watter onderwyser doen refleksie in die klaskamer? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

3.1.2 Noem TWEE redes waarom dit belangrik is dat onderwysers moet reflekteer. (2 × 2) (4)

3.1.3 Noem TWEE maniere waarop refleksie voordelig kan wees vir die volgende rolspelers:

(a) Leerders

(b) Ouers

(2 × 4) (8)

3.1.4 Gee vir die onderwyser in Scenario 1 raad oor hoe om 'n reflekterende onderwyser te word. (4)

3.1.5 Die hou van 'n dagboek illustreer die skriftelike toepassing van refleksie.

Gee VYF riglyne vir studente oor hoe om in 'n dagboek oor hul studies te reflekteer. (5)

3.2 Verwysing is 'n belangrike morele kwessie in die onderwys.

3.2.1 Wanneer moet jy verwysings gebruik? (2)

3.2.2 Hoekom moet jy verwysings gebruik? (4)
[30]

VRAAG 4

4.1 Voeding is baie belangrik vir die ontwikkeling, groei en funksionering van die brein.

Bestudeer die voedsellys hier onder en beantwoord die vrae.

aartappels; tjips; eiers; hawermout; pizza; lemoene; lekkergoed; sojabone; meel; melk; alkohol; jogurt; kaas; Coca-Cola; piesangs; vis; beet; amandels; burgers; avokadopere; sjokoladekoek

4.1.1 Noem DRIE items op die lys hier bo wat ongesond is vir die brein se ontwikkeling.

4.1.2 Noem DRIE items op die lys hier bo wat goed is vir die brein se ontwikkeling.

(2 × 3) (6)

NCV

4.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

VOEDING EN JONG KINDERS

Kindersiektes word vererger as ’n kind swak gevoed word. Wanvoeding is trouens ’n belangrike onderliggende oorsaak van siekte en dood by jong kinders. Dit stroop ’n kind van die vermoë om infeksies te beveg en laat die liggaam vinnig verswak. In Suid-Afrika is wanvoeding ’n direkte gevolg van ongelykhede onder ons mense. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Voedselverbruiksopname het relatief hoë vlakke van wanvoeding gevind onder kinders tussen die ouderdomme van een en ses jaar.

STATISTIEK OOR WANVOEDING IN SA

21,6 persent kinders tussen die ouderdomme van een en ses is verdwerg (‘stunted’ – te kort vir hul ouderdom) of chronies ondervoed; jonger kinders en dié wat op plase woon, word die ergste hierdeur geraak. 10,3 persent kinders is ondergewig. 3,6 persent kinders is erg ondervoed of uitgeteer (‘wasted’ – te lig vir hul lengte). Een uit elke twee huishoudings ly honger en informele stedelike gebiede, landelike gebiede en niekommersiële plase word die ergste geraak word.

Die hoogste voorkoms van hongersnood is in die Oos-Kaap (83%) gevind, gevolg deur die Noord-Kaap (63%), Noordwes (61%), Limpopo (54%) en Mpumalanga (53%).

[https://www.unicef.org/southafrica/SAF_resources_younglives.pdf]

4.2.1 Noem enige DRIE faktore wat wanvoeding kan veroorsaak. (3)

4.2.2 Wat word in die bostaande scenario bedoel met die stelling: 'In Suid-Afrika is wanvoeding ’n direkte gevolg van ongelykhede onder ons mense.' (3)

4.2.3 Noem die TWEE provinsies in Suid-Afrika waar die hoogste voorkoms van honger gevind is. (2)

4.2.4 Dink jy wanvoeding beïnvloed ’n kind se brein en intellektuele vermoëns? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

4.3 Kies 'n meervoudige intelligensie uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.3.1	Callen geniet dit om 'n woordeboek te gebruik om meer oor woorde te leer	A	musikaal
4.3.2	Siphokazi moedig haar leerders aan om liedjies op te maak wat hulle kan help om feite te memoriseer	B	emosionele
4.3.3	Blokkiesraaisels is Shireen se stokperdjie	C	liggaamlik-kinestetiese ('body movement')
4.3.4	Miza en haar maat was die wenners van die jaarlikse baldanskompetisie	D	ruimtelik
4.3.5	Ludumo verkies om op haar eie te werk, want sy is 'n baie stil en teruggetrokke dogtertjie	E	intrapersoonlike
4.3.6	Groepwerk en spansport soos hokkie en netbal is Sandy se gunstelingaktiwiteite	F	intellektuele
4.3.7	Themba hou daarvan om 'n maandelikse begroting op te stel om te beplan hoe hy sy sakgeld gaan spandeer	G	logies-wiskundig
4.3.8	Liziwe leer om groente te kweek en leer haar vriende in haar gemeenskap om dit ook te doen	H	natuur-intelligensie
		I	spirituele
		J	linguisties
		K	interpersoonlike

(8 × 1) (8)

4.4 Klassifiseer AL die volgende aktiwiteite onder EEN van die domeine wat hier onder aangedui is. Skryf slegs die toepaslike aktiwiteit langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

stel 'n begroting op; simpatiseer met 'n vriend wie se moeder oorlede is; bestuur 'n motor; tik op 'n rekenaar; skryf jou eie gedig

4.4.1 Affektiewe (1)

4.4.2 Psigomotories (2)

4.4.3 Kognitief (2)

[30]

VRAAG 5

Lees the uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Die township Bapoleng in die Oos-Kaap is ’n baie klein gemeenskappie. Daar is net twee skole wat al die kinders uit die omliggende gebiede moet akkommodeer. Laerskool Bapoleng akkommodeer leerders van graad 1 tot 7 en Hoërskool Bapoleng akkommodeer leerders van graad 8 tot 12.

Hierdie skole en die gemeenskap is afhanklik van mekaar. In ’n postindustriële samelewing is tegnologie toenemend belangrik. Bapoleng is ’n baie arm gemeenskap en die skole het steeds ’n gebrek aan baie hulpbronne, veral ten opsigte van tegnologie. Staatsbefondsing is nie altyd genoeg nie, daarom moet hierdie skole ander maniere vind om geld hiervoor in te samel.

5.1 Definieer die term *postindustriële gemeenskap.* (2)

5.2 Bespreek die verskil tussen ’n landelike (‘rural’) en ’n stedelike gemeenskap met verwysing na onderwys. (3 × 2) (6)

5.3 Uit die scenario hier bo is die duidelikd at die gemeenskap en die skole van mekaar afhanklik is.

5.3.1 Noem VYF maniere waarop die gemeenskap skole kan help.

5.3.2 Noem VYF maniere waarop skole die gemeenskap kan help.

(2 × 5) (10)

5.4 Noem DRIE verskillende tegnologiese hulpbronne wat by landelike skole geïnstalleer kan word om hulle standaard tot dié van stedelike skole te verhoog. (3)

5.5 Noem VIER aspekte wat die mense in ’n gemeenskap deel. (4)

5.6 Die Handves van Regte gee aan Suid-Afrikaanse burgers die reg om deel te wees van alle besluitnemende prosesse in die land.

Noem enige VYF regte wat in die Handves van Regte genoem word. (5)

[30]

VRAAG 6

Lees the uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

'N KORT GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKAANSE APARTHEID

Apartheid het in 1948 amptelik 'n lewenswyse in Suid-Afrika geword toe die Nasionale Party aan bewind gekom het nadat die stelsel van rasseklassifikasie sterk bevorder is. Tydens apartheid moes swartes te alle tye hulle pasboeke by hulle dra om toegang te verkry tot openbare ruimtes wat vir blankes gereserveer is.

Tydens die Sharpeville-bloedbad 'n dekade later is byna 70 swartes vermoor en byna 190 gewond toe die polisie op hulle geskiet het omdat hulle geweier het om hul pasboeke te dra. Apartheid het Bantoe-onderwys beperk. Omdat apartheidswette geskoolde werk slegs vir blankes gereserveer het, is swartes op skool net opgelei om hande- en landbouarbeid te verrig, maar nie vir geskoolde beroepe nie. Die Suid-Afrikaanse regering het die voorblaaie in 1976 internasionaal gehaal toe owerhede honderde swart studente, wat vreedsaam teen apartheid betoog het, vermoor het. Die studenteslagting staan deesdae bekend geword as die Soweto-jeugopstand. Die polisie het die anti-apartheidsaktivis Stephen Biko in September 1977 in sy tronksel doodgemaak.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het in 1986 'n beduidende knou gekry toe die Verenigde State en Groot-Brittanje die land sanksies opgelê het weens die toepassing van apartheid. Drie jaar later het FW de Klerk president van Suid-Afrika geword en baie van die wette nietig verklaar.

In 1990 is Nelson Mandela uit die tronk vrygelaat nadat hy 27 jaar van 'n lewenslange vonnis uitgedien het. Die volgende jaar het Suid-Afrikaanse hooggeplaastes die oorblywende apartheidswette herroep en 'n veelrassige regering begin vestig. In dieselfde jaar het Suid-Afrika se swart meerderheid die eerste keer aan bewind gekom. In 1994 het Mandela Suid-Afrika se eerste swart president geword.

[https://www.thoughtco.com/brief-history-of-south-african-apartheid]

6.1 Kan apartheid as maatskaplike insluiting of uitsluiting beskou word? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

6.2 Noem DRIE gevalle waar onskuldige mense as gevolg van apartheid in Suid-Afrika gesterf het. (3)

6.3 Wie het 'n sleutelrol gespeel in die wegdoening met apartheidswetgewing? (1)

6.4 Watter TWEE lande het sanksies teen SA ingestel as gevolg van die artheidsbeleid? (2)

6.5 Noem VYF regte van kinders onder 18. (5)

6.6 Skryf die volgende akronieme voluit:

6.6.1 ANCYL

6.6.2 UDF

6.6.3 OVK (‘IEC’)

(3 × 1) (3)

6.7 Noem die VYF stelsels in Bronfenbrenner se ekologiesestelselmodel en gee ’n voorbeeld van elk. (5 × 2) (10)

6.8 Kritieke Uitkoms 2 lees soos volg: Werk doeltreffend saam met ander lede van ’n span, groep, organisasie en gemeenskap.

Noem DRIE belangrike vaardighede wat kinders aanleer as hulle doeltreffend in ’n span of groep saamwerk. (3)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou